BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Woensdag 17 Desember 1980 — WINDHOEK — Wednesday 17 December 1980 — No. 4343

INHOUD:

PROKLAMASIE:

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| No. AG. 71 | Wysigingsproklamasie op die Konsolidasie en Administrasie van Namaland, 1980 | 1 |

CONTENTS:

PROCLAMATION:

| | | Page |
|---|---|---|
| No. AG. 71 | Namaland Consolidation and Administration Amendment Proclamation, 1980 | 1 |

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 17 Desember 1980)*

No. AG. 71 — 1980

WYSIGING VAN DIE WET OP DIE KONSOLIDASIE EN ADMINISTRASIE VAN NAMALAND, 1972, TEN EINDE SEKERE GROND BY NAMALAND TE VOEG EN OM VIR BYKOMSTIGE AANGELEENTHEDE VOORSIENING TE MAAK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

D. J. HOUGH
Administrateur-generaal — Windhoek, 9 Desember 1980

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 17 December 1980)*

No. AG. 71 — 1980

AMENDMENT OF THE NAMALAND CONSOLIDATION AND ADMINISTRATION ACT, 1972, SO AS TO ADD CERTAIN LAND TO NAMALAND AND TO PROVIDE FOR INCIDENTAL MATTERS

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

D. J. HOUGH
Administrator-General — Windhoek, 9 December 1980

## BYLAE

*Wysiging van artikel 2 van Wet 79 van 1972, soos gewysig deur artikel 1 van Proklamasie AG. 39 van 1978 en artikel 1 van Wet 15 van 1979*

1. Artikel 2 van die Wet op die Konsolidasie en Administrasie van Namaland, 1972 (hieronder die Wet genoem), word hierby gewysig deur die woorde "en Keetmanshoop" deur die woorde "Keetmanshoop en Mariental" te vervang.

*Wysiging van Bylae 1 by Wet 79 van 1972, soos gewysig deur artikel 2 van Proklamasie AG. 39 van 1978 en artikel 3 van Wet 15 van 1979*

2. Bylae 1 by die Wet word hierby gewysig deur die volgende item na item 8 by te voeg:

| | |
|---|---|
| " 9. Hoachanas, distrik Mariental | Sekere plaas Hoachanas No. 120, registrasieafdeling M, geleë in die distrik Mariental, groot 14252,5049 hektaar.". |

*Wysiging van artikel 27 van Proklamasie AG. 35 van 1980*

3. Artikel 27 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas, 1980 (hieronder die Hoofproklamasie genoem), word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Die gebiede gemeld in Bylae 1 by die Wet op die Konsolidasie en Administrasie van Namaland, 1972 (Wet 79 van 1972), soos van tyd tot tyd gewysig, is, behoudens die bepalings van subartikel (2), gemeenskaplike grond van die Namas.".

*Wysiging van artikel 28 van Proklamasie AG. 35 van 1980*

4. Artikel 28 van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur in subartikel (3) die uitdrukking "in subartikel (1) bedoel ingevolge daardie subartikel" deur die uitdrukking "wat binne die in artikel 27(1) bedoelde gebiede geleë is ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel of 'n ander wet" te vervang.

*Kort titel*

5. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Konsolidasie en Administrasie van Namaland, 1980.

## SCHEDULE

*Amendment of section 2 of Act 79 of 1972, as amended by section 1 of Proclamation AG. 39 of 1978 and section 1 of Act 15 of 1979*

1. Section 2 of the Namaland Consolidation and Administration Act, 1972 (hereinafter referred to as the Act), is hereby amended by the substitution for the words "and Keetmanshoop" of the words "Keetmanshoop and Mariental".

*Amendment of Schedule 1 to Act 79 of 1972, as amended by section 2 of Proclamation AG. 39 of 1978 and section 3 of Act 15 of 1979*

2. Schedule 1 to the Act is hereby amended by the addition of the following item after item 8:

| | |
|---|---|
| " 9. Hoachanas, district of Mariental | Certain farm Hoachanas No. 120, registration division M, situated in the district of Mariental, measuring 14252,-5049 hectares.". |

*Amendment of section 27 of Proclamation AG. 35 of 1980*

3. Section 27 of the Representative Authority of the Namas Proclamation, 1980 (hereinafter referred to as the principal Proclamation), is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) The areas mentioned in Schedule 1 to the Namaland Consolidation and Administration Act, 1972 (Act 79 of 1972), as amended from time to time, shall, subject to the provisions of subsection (2), be communal land of the Namas.".

*Amendment of section 28 of Proclamation AG. 35 of 1980*

4. Section 28 of the principal Proclamation is hereby amended by the substitution in subsection (3) for the expression "referred to in subsection (1) vests in the Government of the territory in terms of that subsection" of the expression "which is situated within the areas referred to in section 27(1) vests in the Government of the territory in terms of subsection (1) of this section or any other law".

*Short title*

3. This Proclamation shall be called the Namaland Consolidation and Administration Amendment Proclamation, 1980.